Trouklokke lui vir Heilbronners

Ruan Mienie, seun van Marina en Willem Mienie van Kroonstad, het op 10 Maart 2018 met Jolandri van Rooyen, dogter van Adri en Johnnie van Rooyen ook van Kroonstad, in die huwelik getree te Riemland Gasteplaas. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.

Fouché Germishuys en Rodré Olivier is op 31 Maart 2018 getroud. Die egpaar vestig hul in die Heilbron distrik, waar Fouché boer en Rodré wat nou as fisoterapeut praktiseer in Heilbron.

Jacques van Rooyen, seun van Jacques en Marisa van Rooyen en Wilanda Jansen van Rensburg, dogter van Reinette en Willie Jansen van Rensburg van Nelspruit is die 17de Maart by Oranje Gasteplaas tussen Clarens en Fouriesburg in die huwelik bevestig. Die egpaar vestig hulle in Heilbron, waar Jacques boer en Wilanda praktiseer as biokinetikus by haar praktyk en fiksheidsentrum in Heilbron.

Tiaan Labuschagné, seun van Chris en Carien Labuschagné en Marioné Jenkinson, dogter van Chris en Susan Jenkinson van Groblersdal is die 10de Februarie 2018 in die huwelik bevestig te Mellow Stream, Mpumalanga. Die egpaar vestig hulle in Middelburg.

Marnitz Els, seun van Thys en Elbie Els en Anriëtte Serfontein dogter van Phillip Serfontein van Koppies is 10 Maart in die huwelik bevestig te Tava Lingwe Vredefort. Anriëtte is 'n onderwyseres op Vredefort en Marnitz boer. Foto erkenning: Nola Photography deur Karien Muller.

Bees Claassen, seun van Johnny en Hannalie Claassen, en Ina Enslin, dogter van Ian en Hannetjie Enslin, het op 15 Desember 2017 in die huwelik getree te Oranje Gasteplaas tussen Fouriesburg en Clarens. Die paartjie woon nou in Petrus Steyn.

SPERTYD VIR VRYDAE SE HERALD ARTIKELS & ADVERTENSIES IS WOENSDAE OM 10:00

RP Bezuidenhout, seun van Albert en Annetjie Bezuidenhout en Surika Piater dogter van Alberth en Erika Piater is getroud 20 Januarie 2018 op Deus Amos Est op haar ouers se plaas. RP is 'n boer en Surika werk by De Beers as Meganiese Ingenieur.

LANK LEWE DIE LIEFDE: Herman en Karla het op 17 Maart vanjaar die knoop deurgehak. Die Kriel-makietie het op Heidelberg, Karla se tuisdorp, plaasgevind. Die twee het in Potchefstroom ontmoet en alhoewel hulle jare lank saam chemiese ingenieurswese gestudeer het, het hul mekaar eers die laaste twee maande van hul studentelewe op die PUK met "ander oë" raakgesien. Karla is die dogter van Johann en Annatjie Struwig. Sy't op Heidelberg grootgeword en ook haar skoolloopbaaan daar voltooi. Herman is 'n gebore en getoë Heilbronner en die seun van wyle Jan en Elza Kriel. Die paartjie vestig hul op Springhaaslaagte waar Herman voltyds boer. Karla is werksaam by Omnia in Sasolburg. Die nuwe Kriel-egpaar is opgewonde oor hul toekoms saam in Heilbron. "Dis 'n voorreg om ons lewenspaadjie saam hiér te begin".